higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# KOSTE- EN BESTUURSREKENINGKUNDE N6

(4010196)

**22 November 2019 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n ANTWOORDBOEK van 14 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
KOSTE- EN BESTUURSREKENINGKUNDE N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A

## VRAAG 1

1.1 Die volgende inligting is uit Desire Supermarket se boeke geneem:

**MATERIAALREKENING**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Krediteure | 20 000 | ? | 15 000 |
| Bank | 5 000 | Saldo | ? |
| | | | |
| | 25 000 | | 25 000 |

1.1.1 Verduidelik die verskil tussen die TWEE transaksies aan die debietkant van die boeke. (4)

1.1.2 Verduidelik kortliks wat jy verstaan van die transaksie wat 'n bedrag van R15 000 toon. (2)

1.1.3 Bereken die materiaal voorhande. (2)

1.1.4 Het die onderneming enige laste aangegaan? Wat bedra hierdie laste? (2)

1.2 Phethany Bpk verskaf die volgende onvoltooide veranderlike begroting aan jou. Bereken die ontbrekende bedrae en skryf die antwoorde langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

| | **80%** | **90%** | **100%** |
|---|---|---|---|
| **Veranderlike koste** | | | |
| Brandstof | **1.2.1** | 4 500 | **1.2.2** |
| Elektrisiteit | 3 300 | **1.2.3** | **1.2.4** |
| Indirekte materiaal | **1.2.5** | **1.2.6** | 9 000 |
| **Vaste koste** | | | |
| Huurgeld | **1.2.7** | **1.2.8** | 9 000 |
| Waardevermindering | **1.2.9** | 5 000 | **1.2.10** |

(10)

1.3 Thendo Builders is besig om aan twee kontrakte, AX en AB, te werk. Die inligting wat hier onder uiteengesit word, is uit die onderneming se boeke onttrek. Sy finansiële jaar eindig op 31 Augustus 2017.

| | |
|---|---|
| **Kontrak AX** | |
| **Saldo (materiaal)** | **R75 000** |
| Materiaal uitgereik | R25 000 |
| Materiaal voorhande (31/08/17) | R10 500 |
| Materiaal oorgedra van AX na AB | R3 500 |
| Gesertifiseerde werk | R150 000 |
| Ekstra uitgawes | R? |
| Kontrakprys | R125 000 |

1.3.1 Bereken die materiaal wat in kontrak AX gebruik is. (4)

1.3.2 Hoeveel bedra die ekstra uitgawes as jy in aanmerking neem dat kontrak AX tydens hierdie tydperk voltooi is? (2)

1.3.3 Verduidelik die verskil tussen *kontrakteur* en *kontraknemer* ('contractee'). (2 × 2) (4)

1.4 Johnson and Kids verskaf die volgende inligting vir die jaar geëindig 30 Junie 2017 aan jou:

Die totale koste verbonde aan die produsering van 15 000 motors is R450 000. Die veranderlike koste is R20 per eenheid.

**LET WEL:** Die verkoopsprys van elke motor word bereken deur R20 by die totale koste per motor by te tel.

1.4.1 Wat is die veranderlike koste van 15 000 motors? (2)

1.4.2 Bereken die verkoopsprys van elke motor. Toon AL jou berekeninge. (4)

1.4.3 Wat is die veiligheidsgrens in eenhede as die gelykbreek-hoeveelheid op 12 000 eenhede staan? (2)

1.4.4 Verduidelik die verskil tussen *veranderlike koste* en *vaste koste*. (2)

1.5 Trevor Manufacturers Bpk produseer grondboontjiebotter. Die maatskappy verskaf die volgende inligting aan jou om die vrae te kan beantwoord.

Die maatskappy besluit om 2 kg grondboontjies te neem om een bottel grondboontjiebotter te maak. Die standaardprys word teen R3,00 per kg bereken.

Aan die einde van die finansiële tydperk is daar 300 bottels grondboontjiebotter vervaardig. Daar is 550 kg grondboontjies teen 'n totale prys van R1 500 aangekoop.

1.5.1 Hoeveel kilogram grondboontjies was die maatskappy veronderstel om te gebruik om 300 bottels grondboontjiebotter te produseer? (2)

1.5.2 Hoeveel meer of minder kilogram grondboontjies is in werklikheid gebruik om 300 bottels te produseer? (4)

1.5.3 Het die onderneming 'n gunstige of ongunstige afwyking getoon? (2)

1.5.4 Gee EEN moontlike rede vir die afwyking wat in VRAAG 1.5.3 hier bo genoem word. (2)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING B

## VRAAG 2

The Big Mamas (Edms) Bpk vervaardig middelfatsoeneergordels ('waist-trimmer belts'). Die maatskappy werk tans aan twee take, naamlik taak XXL en taak XXXL.

Daar is drie maande gelede met taak XXL begin, terwyl daar eers in Oktober, die huidige maand, met taak XXXL begin is.

Die volgende inligting is uit die maatskappy se rekords onttrek:

**Saldo's op 1 Oktober 2017**

| | |
|---|---|
| Produksiekontrole | R100 000 |
| Materiaalkontrole | R50 000 |
| Afgewerktegoederekontrole | R110 000 |
| Taak XXL | R80 000 |
| Taak XXXL | R20 000 |
| | |
| **Materiale** | |
| Spandex | R25 000 |
| Knope | R25 000 |

**Koste wat in die loop van die jaar aangegaan is**

| Besonderhede | XXL | XXXL |
|---|---|---|
| Materiaal: Spandex | 15 000 | 25 000 |
| Knope | 10 000 | 5 000 |
| Direkte arbeid | 12 000 | 5 500 |
| Indirekte arbeid | 5 000 | 3 000 |

**Saldo's op 31 Oktober 2017**
Materiaalkontrole R65 000

Bykomende inligting:

- Bokoste word teen 'n koers van 120% van die direkte materiaalkoste verhaal.
- Die verkoops- en administratiewe koste vir XXL beloop R25 000.
- Taak XXL is teen 75% van die totale koste gefaktureer.
- Die hoeveelheid materiaal wat vir spandex aangekoop is, is gelyk aan die aantal knope.

Verlang:

2.1 Boekstaaf die volgende in die algemene joernaal:

2.1.1 Materiaal aangekoop (moet as die balanseersyfer in die materiaalrekening bereken word)

2.1.2 Direkte materiaal uitgereik

2.1.3 Direkte materiaal uitgereik

(3 × 4) (12)

2.2 Boekstaaf die volgende in die algemene grootboek:

2.2.1 Materiaalkontrole (3)

2.2.2 Vervaardigingsbokostekontrole (1)

2.2.3 Produksiekontrole (2)

2.3 Stel die werkkostestaat van die voltooide taak op. (12)
**[30]**

**VRAAG 3**

Khomisani Contractors is besig om aan twee kontrakte te werk. Besonderhede van die kontrakte is soos volg vir die finansiële jaar geëindig 31 Junie 2017:

| **Besonderhede** | **Kontrak AX** | **Kontrak AB** |
|---|---|---|
| Kontrakprys | R7 200 000 | R5 000 000 |
| Materiaal uitgereik | R3 110 000 | R500 000 |
| Lone betaal | R3 900 000 | R700 000 |
| Bokoste | R1 050 000 | R600 000 |
| Materiaal aan verskaffers teruggestuur | R12 000 | R82 000 |
| Materiaal oorgedra van kontrak AX na AB | R52 000 | R52 000 |
| Masjineriesaldo: 1Julie 2016 | R410 000 | R570 000 |
| Masjineriesaldo: 31 Junie 2017 | R320 000 | R450 000 |
| Gesertifiseerde werk | R8 000 000 | R3 000 000 |
| Ongesertifiseerde werk | | R330 000 |
| Kontant ontvang | R7 500 000 | R2 900 000 |
| Totale verwagte koste van die kontrak | R6 000 000 | R3 800 000 |
| Ekstra uitgawes | R800 000 | R700 000 |
| Voorsiening vir latente defekte | Retensiegeld | Retensiegeld |

Verlang:

3.1 Stel die kontrakrekening vir kontrak AX op. (11)

3.2 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.2) in jou ANTWOORDBOEK neer.

Is kontrak AX reeds voltooi? (2)

3.3 Bereken die waardevermindering op die masjinerie van kontrak AB. (2)

3.4 Bereken die persentasie voltooiing van kontrak AB aan die hand van die volgende formule.

**LET WEL:** Rond af tot die naaste heelgetal.

$$\frac{\text{Gesertifiseerde werk}}{\text{Kontrakprys}}$$ (2)

3.5 Bereken die totale geraamde wins van kontrak AB. (3)

3.6 Bereken die wins van kontrak AB vir die jaar aan die hand van die volgende formule.

**LET WEL:** Rond af tot die naaste rand.

$$\text{\% voltooi} \times \frac{\text{Geskatte wins}}{1} \times \frac{\text{Kontant ontvang}}{\text{Gesertifiseerde werk}}$$ (8)

3.7 Bereken die aangesuiwerde wins van kontrak AB vir die jaar. (2)
**[30]**

## VRAAG 4

4.1 Kiddies Manufacturers maak skaatsplanke uit kersiehout.

Om een (1) skaatsplank (standaardinligting) te maak, gebruik die onderneming die volgende:

- 0,5 meter hout teen 'n standaardprys van R150,00 per meter
- 5,5 uur se arbeid teen R65,00 per uur

Die organisasie verskaf die volgende werklike resultate aan die einde van die finansiële jaar aan jou:

- 2 000 meter hout is teen 'n totale prys van R400 000 aangekoop.
- 9 000 skaatsplanke is gemaak deur 5 000 meter hout daarvoor te gebruik.
- 51 000 arbeidsure is gebruik teen 'n totale koste van R3 672 000.
- Sy vaste bokoste het R350 000 beloop.

Die begrote resultate teen normale kapasiteit:

- Vaste bokoste: R250 000
- Arbeidsure: 20 000 uur

Verlang:

Bereken die volgende afwykings. (Dui aan of elke afwyking gunstig of ongunstig is.)

4.1.1 Materiaalprys (5)

4.1.2 Hoeveelheid materiaal (5)

4.1.3 Arbeidsdoeltreffendheid (5)

4.1.4 Arbeidstarief (5)

4.1.5 Totale arbeid (4)

4.2 Die volgende veranderlike bokostekoersafwyking is soos volg bereken:

(SR – AR)AT
= (R5 – R6)51 000
= (1)51 000
= 51 000 EENHEDE

4.2.1 Bereken die begrote veranderlike bokoste.

4.2.2 Bereken die werklike veranderlike bokoste.

(2 × 3) (6)
**[30]**

**VRAAG 5**

Bramely (Edms) Bpk verskaf die volgende inligting aan jou om die vrae te kan beantwoord.

Die volgende werklike en geskatte syfers is beskikbaar:

1.

| ITEMS | WERKLIKE BEDRAE | | | GERAAMDE BEDRAE | |
|---|---|---|---|---|---|
| | **JANUARIE** | **FEBRUARIE** | **MAART** | **APRIL** | **MEI** |
| Verkope | 192 000 | 240 000 | 120 000 | 320 000 | 400 000 |
| Aankope | 200 000 | 100 000 | 320 000 | 168 000 | 120 000 |
| Lone | 1600 | 1 600 | 1 600 | ? | ? |

2. Kontanttransaksies:

- 40% van ALLE verkope word kontant gemaak.
- 35% van ALLE aankope word kontant gemaak.

3. Invorderings vir kredietverkope is soos volg:

- 20% word in die maand van verkope ingevorder, en 'n korting van 2% word op hierdie invorderings toegestaan.
- 60% word ingevorder in die maand wat op die maand van verkope volg.
- 15% word ingevorder in die tweede maand wat op die maand van verkope volg.
- Die oorblywende 5% word as slegte skuld afgeskryf.

4. Bramely (Edms) Bpk sal op 1 Maart 2017 'n belegging van R100 000 as vaste deposito maak. Rente van R1 200 per maand sal na verwagting vanaf 1 April 2017 ontvang word.

5. Krediteure word twee maande ná die verkoopsdatum betaal.

6. Die huuruitgawe bedra R20 000 per maand en is op die eerste dag van elke maand betaalbaar.

7. Lone word in April 2017 verhoog en sal in Mei 2017 met 'n verdere 5% verhoog word.

8. Daar sal na verwagting 'n nuwe masjien teen R45 000 kontant in Mei 2017 aangekoop word.

10. Op 31 Maart 2017 het Bramely (Edms) Bpk 'n ongunstig banksaldo van R7 000.

5.1 Stel 'n debiteure-invorderingskedule vir April 2017 en Mei 2017 op. (8)

5.2 Stel die kontantbegroting vir April 2017 en Mei 2017 op. (22)
**[30]**

**VRAAG 6**

6.1 Blue Jeans vervaardig mansdenimbroeke. Die organisasie verskaf die volgende inligting vir die jaar geëindig 31 Augustus 2017 aan jou:

| | |
|---|---|
| Totale verkope in eenhede | 60 000 |
| Totale vervaardigingskoste (60%, vas) | R300 000 |
| Totale nievervaardigingskoste (45%, veranderlik) | R325 000 |
| Direkte materiaal | R150 000 |
| Direkte arbeid | R190 000 |
| Verkoopsprys per eenheid | R25 000 |

6.1 Stel die inkomstestaat aan die hand van die direkte metode op. (12)

6.2 Bereken die volgende. (Rond jou syfers af tot die naaste heelgetal.)

6.2.1 Gelykbreekhoeveelheid (3)

6.2.2 Gelykbreekwaarde (3)

6.2.3 Veiligheidsgrens in rand (3)

6.2.4 Veiligheidsgrens in eenhede (3)

6.2.5 Trek die gelykbreekgrafiek aan die hand van die inligting hier bo. (6)
**[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 150**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou